

tippet 100

Vlieghengel het my geleer dat dít wat belangrik is, nie altyd sigbaar is nie. In die hengelaar se toerusting is dit nie die stok of die vlieglyn wat eintlik tel nie – dis die *tippet*.

Dis hierdie baie dun stukkie lyn wat die dikker vlieglyn en die kunsvliegje aan mekaar verbind, wat bepaal of jy 'n goeie dag langs die dam of rivier gaan hê. Dis hierdie *tippet* wat bepaal of jy die forel gaan oortuig om die vliegje te vat.

Onsigbaar – maar belangrik.

Net soos innerlike roeping, verhoudings, persoonlike groei en 'n nalatenskap wat méér is as geld en goed.

27 November 2017

www.tippet.co.za